SOEWENIER PROGRAM — SOUVENIR PROGRAMME



# GLOUCESTERSHIRE
## VS.
## S.W.D.

GEORGE

SATERDAG 5 JUNIE — SATURDAY 5 JUNE 1976

**OUTENIQUA PARK — GEORGE**


**RARE**

BLENDED SCOTCH WHISKY

100% SCOTCH WHISKIES

BLENDED AND BOTTLED IN SCOTLAND BY

**JUSTERINI & BROOKS LTD.**

St. James's Street, London, England

BY APPOINTMENT TO THEIR LATE MAJESTIES

KING GEORGE III KING GEORGE IV KING WILLIAM IV QUEEN VICTORIA

KING EDWARD VII KING GEORGE V KING GEORGE VI

AND TO HIS LATE ROYAL HIGHNESS

THE PRINCE OF WALES (1921—1936)

J&B

**GILBEY** DISTILLERS AND VINTNERS (PTY) LIMITED

DISTILLEERDERS EN WYNHANDELAARS (EDMS) BPK

**GLOUCESTERSHIRE vs. S.W.D.**

**om/at 3.45 nm./p.m.**

| Colours: White/Wit & Red/Rooi | Colours: Green/Groen & White/Wit |
|---|---|
| 15 P. BUTLER | 15 C. de Swardt (George) |
| 14 R. CLEWES | 13 A. Muller (Riversdal) |
| 23 B. VINE | 11 F. Stander (Oudtshoorn) |
| 24 R. JARDINE | 12 C. Borman (Oudtshoorn) |
| 22 R. MOGG | 14 J. Douglas (Oudtshoorn) |
| 21 D. SORRELL | 10 J. Keyser (Heidelberg) |
| 25 R. HARDING | 9 E. Pienaar (Oudtshoorn) |
| 16 G. SARGENT | 1 J. Crous (Mosselbaai) |
| 2 J. PULLIN (Capt./Kapt.) | 2 F. Geldenhuys (Swellendam) |
| 3 M. BURTON | 3 J. Gerber (Riversdal) |
| 6 J. WATKINS | 6 W. Strydom (B/Wes) |
| 19 A. BRINN | 4 B. Moodie (Mosselbaai) |
| 18 A. TROUGHTON | 5 N. Swart (Oudtshoorn) |
| 7 M. RAFTER | 7 M. Hills (George) |
| 8 D. ROLLITT | 8 D. du Toit (Riversdal) |
| Manager/Bestuurder: J. MARSH | Bestuurder/Manager: J. Verster |
| Reserves/Reserwes: 5 R. Powell, 9 P. Kingston, 12 C. J. Williams, 20 J. Haines, 17 F. Reed. | Reserves/Reserwes: 16 P. Erasmus (B/Wes), 17 G. Stander (George), 18 J. van Rooyen (O.K.O.), 19 P. Hanekom (Heidelberg). |

Skeidsregter/Referee: C. BARNARD

## GLOUCESTERSHIRE R.F.U.-TOER NA SUID-AFRIKA 1976

Hier volg 'n kort geskiedenis van die Gloucestershire Rugby Football Union, wat vanjaar in Suid-Afrika kom toer:

1. Ontstaan in 1878 en skryf in vir die R.F.U. se Graafskapkampioenskap in 1890/91.

2. Het Middlesex 'n paar weke gelede in die eindwedstryd van die Engelse Graafskapkampioenskap met 24—9 geklop en sodoende die derde agtereenvolgende keer kampioen geword. Gloucestershire het in die laaste sewe eindwedstryde gespeel, wat 'n rekord van alle tye in Engeland is. Het die Engelse Graafskapkampioenskap nou reeds dertien keer gewen, nadat hulle reeds 22 keer in die eindwedstryd gespeel het en 30 keer in die halfeindwedstryd.

3. SPELERS: In sy lang geskiedenis het Gloucestershire reeds talle internasionale spelers vir Engeland, Skotland en Wallis opgelewer, asook etlike lede van Britse Leeu-spanne. Nege Unie-lede was in die Engeland-span in 1975 in Australië. Vir die S.A.-toer is daar die volgende internasionale spelers:

   3.1 BRITSE LEEUS (3): J. V. Pullin, M. A. Burton en A. J. G. Morley.

   3.2 ENGELAND SENIOR (10): Bogenoemde drie, plus die volgende sewe: P. E. Butler, C. G. Williams, P. Kingston, B. G. Nelmes, A. Brinn, J. A. Watkins, D. M. Rollitt.

   3.3 ENGELAND ONDER-23: R. M. Harding. M. Rafter.

---

## GLOUCESTERSHIRE SE RUGBY

**KLEURE: Trui: Wit; Rugbybroeke: Wit; Kouse: Rooi.**

PENSKETSE: Hier volg volledige penskets van die hele toergroep, toernommers word aangegee, maar die spelers sal nie noodwendig met hierdie trui-nommers speel nie):

1. NELMES, Barry George (Cardiff) Stut. Bynaam "Buller". 27 jr. oud. 1,88m. 111,23kg. Oorspronklik 'n Bristol-speler, wat 'n "banneling" geword het toe hy na Cardiff verskuif het as gevolg van sy werk. Hy het "verdwyn" van die eerste-rangse rugby-toneel vir amper twee jaar, maar het later teruggekeer, om al sy ou vaardighede weeer ten toon te stel. Het Western Counties teen drie toerspanne van Graafskappe verteenwoordig, asook Suid-Engeland teen die All Blacks. Het die Barbarians verteenwordig en verlede jaar vir Engeland teen Australië gespeel. 'n Verteenwoordiger. Getroud met twee seuns.

2. PULLIN, John Vivian (Bristol) Haker. 30 jr. oud. 1,80m. 92,16kg. Boer. Houer van die rekord getal toetse vir Engeland — 42. Was lid van die Engeland-span in Australië in 1975. Het sewe keer vir Britse Leeus gespeel; drie teen Suid-Afrika en vier teen Nieu-Seeland. Getroud.

3. BURTON, Michael Alan (Gloucester) Stut. 30 jr. oud. 1,93m. 105.78kg. Die huidige Engeland-stut. 'n Britse Leeu en Barbarian. Lid van die Engelanl-span wat Australië in 1975 besoek het. Het ook vir Berkshire, sy geboorte-graafskap, verteenwoorlig in die Kampioenskap. 'n Onbedwingbare karakter; ken nie alleen al die rugby-liedjies nie, maar beweer dat hy die meeste van hulle geskryf het! Produk van 'n plaaslike Gluocester-skool. Longlevens 'n Oliemaatskappy verteenwoordiger. Getroud.

4. FIDLER, John Howard (Gloucester) Slot. 27 jr. oud. 1,93m. 110,77 kg. 'n Polisie-offisier. "Big John" het sy rugby-loopbaan vir Cheltenham begin. Het vir Engeland teen Wallis gespeel in 'n Nasionale Vereniging van Seuns-klubs se Internasionale-wedstryd. Het South Western Counties verteenwoordig, asook South en South Western Counties, teen nasionale toerspanne. Het ook in 1974 en 1975 in twee Engeland-proewe gespeel. Het in Mei 1975 in Rholesië en S.A. getoer met Public School Wanderers. Het Britse Polisie verteenwoordig. Getroud met twee kinders.

5. POWELL, Roger Anthony (Llanelli) Slot. 29 jr. oud. 1,93m. 104,87kg. Die eerste Engelsman om in dertig jaar vir die beroemde Scarlets van Llanelli te speel. Oliemaatskappy Handelsverteenwoordiger. Getroud met twee kinders.

6. WATKINS, John Arthur (Gloucester) Flank. Bynaam "Gilly". 28 jr. oud. 1,84m. 88,98kg. Die "blonde bombshell" van Engelse rugby, soos hy genoem word, het vier jaar gelede vir die eerste keer vir Engeland gespeel teen Suid-Afrika. Soos John Haines, is hy 'n produk van daardie eersteklas rugby-kweekskool, Gordon League. Houer van die Gloucester-rekord vir die meeste drieë (20) in een seisoen deur 'n voorspeler aangeteken. Twee toere van Nieu-Seeland en Suid-Afrika, saam met Engeland, en is ook 'n Barbarian. Gereedskap-ingenieur. Ongetroud.

7. RAFTER, Michael (Bristol) Flank. 24 jr. oud. 1,79m. 87,17kg. Het vir Devon gespeel toe hy op St. Luke's Kollege gestudeer het. Het Engeland Skole onder-19 verteenwoordig en ook Engeland Onder-23. Het ook vir Western Counties teen Australië gespeel. Ongetroud. L.O. Onderwyser.

8. ROLLITT, David Malcolm (Bristol) Nr. 8. 33 jr. oud. 1,865m. 96,70kg. Speel op die flank vir Engeland. Sy hare het grys geword toe hy nog 'n tienderjarige was. In Yorkshire gebore, het by Bansley Holgate Grammar School skool gegaan. Het vir Wakefield, Loughborough Colleges, Bristol-Universiteit, U.A.U. en Barbarians gespeel, voordat hy in Bristol gaan werk het. Was al kaptein van Bristol, Gloucestershire en South-West Counties. Was 'n lid van die Engeland-toerspan na Australië in 1975. 'n Onderwyser. Getroud met twee kinders.

9. KINGSTON, Peter (Gloucester) Skrumskakel. 24 jr. oud. 1,73 m. 69,92kg. Liggaamsoefening Onderwyser. Het verlede seisoen in al Gloucestershire se wedstryde gespeel. Het in 1974 vir North Midlands in die Graafskapkampioenskap gespeel, toe hy daar gebly het. Het voorheen vir St. Paul's College, Lydney en Moseley gespeel, voordat hy verlede jaar by Gloucester aangesluit het, toe hy daar begin werk het. Het verlede jaar vir Engeland teen Australië gespeel en het voorheen ook vir Engeland-Skole Onder-19 gespeel. Getroud.

10. WILLIAMS, Christopher Gareth (Gloucester) Losskakel. 25 jr. oud. 1,85m. 78,99kg. Sy samespel met Peter Kingston vir Lydney Grammar School, Lydney, Engeland-Skole en St. Paul's College het feitlik 'n legende geword in die noorde en weste van die Graafskap. 'n Vlug-Offisier, Chris het ook reeds vir die Royal Air Force en die Gekombineerde Magte gespeel. Het hierdie seisoen vir die eerste keer vir Engeland teen Frankryk gespeel.

11. MORLEY, Alan John (Bristol) Vleuel. 25 jr. oud. 1,78m. 82,63kg. Huidige Engeland-vleuel. Het op 18-jarige ouderdom vir Bristol begin rugby speel en het meer as 125 drieë vir sy klub aangeteken. Het twee keer in Suid-Afrika getoer — met Engeland in 1972 en met die Britse Leeus in 1974. Het meer as 20 drieë vir Gloucestershire aangeteken. Het in 1975 in Australië getoer met Engeland. Gekwalifiseerde Waardeerder en Afslaer.

12. WILLIAMS, Christopher John (Bristol) Senter. 25 jr. oud. 1,78m. 79,45 kg. Het vir Engeland Onder-15-skole verteenwoordig, asook Western Counties teen die All Blacks en vir S. W. Counties teen Australië. Vliegtuig-ingenieur. Getroud.

13. BAYLISS, John Alexander (Gloucester) Senter. 34 jr. oud. Die Gloucestershire Kaptein. Was ook kaptein van Engeland in 'n Jeug-internasionale-wedstryd. Verskeie beserings tydens sy lang loopbaan, insluitende 'n gebreekte nek drie jaar gelede. Het in 1961 vir die eerste keer vir Gloucesteshire gespeel. Goeie kolwer in senior klub-krieket. Hy en sy vrou het 'n Groentewinkel.

14. CLEWES, Robert (Gloucester) Regter-vleuel. 26 jr. oud. 1,78m. 73,09kg. Gereelde keuse vir Gloucester sedert 1968 en voorste drie-drukker vir klub vir 6 seisoene. Het in 1971/72 in die finaal teen Warwickshire gespeel. Kontrakbestuurder vir 'n Konstruksiemaatskappy. Getroud.

15. BUTLER, Peter Edward (Gloucester) Heelagter. 24 jr. oud. 1,83m. 77,18kg. Dit is maar sy vierde seisoen in eerste-rangse rugby en hy is die afgelope drie jaar die land se voorste punte-aantekenaar. Word algemeen beskou as die "koning van stelskoppers". Het sy opleiding gedoen by Crypt School en Birmingham-Universiteit, waar hy rugby-kaptein was. Het vir U.A.U. en S.W. Counties teen die All Blacks en Australië gespeel. Het verlede jaar vir Engeland teen Australië gespeel en vanjaar vir Engeland teen Frankryk. Industriële Apteker. Ongetroud.

16. SARGENT, Gordon Alan (Lydney) Stut. Bynaam "Sarge". 26 jr. oud. 1,80m. 98,97kg. Het op 16-jarige ouderdom vir die eerste keer vir Lydney gespeel, en daarna vir Gloucestershire Jeugspan. Die afgelope twee jaar kaptein van Lydney. Versekeringsagent. Ongetroud.

17. REED, Frederick Charles (Gloucester). Haker. 27 jaar oud. 1,78m. 82,63kg. Ingenieur-opleidings-dosent. Getroud.

18. TROUGHTON, Alvan Harold (Bristol). Slot. Bynaam "Alf". 22 jaar oud. 1,97m. 103.06k. Het vir Coventry en Midland Counties onder-23 gespeel. Mediese student. Ongetroud.

19. BRINN, Alan (Gloucester). Slot. 24 jaar oud. Word "Gentleman of Rugby Football" genoem. Het vier jaar gelede die eerste keer vir Engeland gespeel. Het meer keer vir Gloucester se senior XV gespeel as enige ander speler in die geskiedenis van die klub. Opgevoed by High Wycombe, in Rhodesië en Noord-Ierland. Besit eie Sport-uitrusters-winkel.

20. HAINES, John Henry (Gloucester), Flank. 27 jaar oud. Nadat hy by die junior-klub aangesluit het, het hy spoedig na die boonste rang van Gloucester gevorder. Saam met sy twee internasionale kollegas, is hulle vinnige konstruktiewe losvoorspelers. 'n Groothandel Vleishandelaar.

21. SORRELL, David Philip (Bristol). Losskakel. 20 jaar oud. 1,83m. 78.09k. Het reeds vir Graafskap se Jeugspan gespeel en was afgelope seisoen Bristol se voorste punte-aantekenaar. Ingenieur. Ongetroud.

22. MOGG, Richard (Gloucester). Senter of Vleuel. 20 jaar oud. 1,80m. 79.45k. Het vir Engeland se Jeugspan gespeel. Leerling-Siviele-ingenieur. Ongetroud.

23. VINE, Brian John (Lydney), 25 jaar oud. 1,74m. 74.00k. Het voorheen vir Gloucester gespeel. Stoorman. Getroud.

24. JARDINE, Richard (Gloucester), Senter. 28 jaar oud. Een van die twee polisie-offisiere in die span. Het by Gloucester aangesluit nadat hy vir die Graafskap se Polisie-span gespeel het.

25. HARDING, Richard Mark (Bristol). Skrumskakel. Bynaam "Corky". 1,73m. 69,92k. Engeland Onder-19-skole internasionale speler. Het Cambridge-Universiteit in 1973/74 verteenwoordig. Het in 1975 in Engeland-proewe gespeel, asook vir Western Counties teen Australië. Het voorheen vir Somerset en Gloucestershire gespeel en was 'n lid van die Gloucestershire-span wat in 1973/74 die Kampioenspan was. Het in Rhodesië en Japan saam met Cambridge-Universiteit getoer. Afslaer en Eiendomsagent. Ongetroud.

26. MARSH, John S. (Toer-Bestuurder). John Marsh is President van die Gloucestershire Rugby Football Union. Hy is 'n lid van die Bristol-Klub, waarvan hy vir baie jare 'n ampsdraer is. Was voorheen Lidmaat-Sekretaris, Span-Sekretaris van 1ste XV en is tans Ere-Penningmeester. Hy is 'n Magistraat en ook 'n ywerige werker vir die Kerk, wat Bristol op die Algemene Sinode van die Church of England verteenwoordig. Landmeter.

27. WALTER, David James (Assistent-Toerbestuurder). In sy jonger dae het hy rugby en krieket vir sy tuisdorp van Aberavon, Suid-Wallis, asook sy aangenome dorp van Cheltenham, Gloucestershire, gespeel. Sy rugby-loopbaan is egter kortgesny weens 'n ernstige kniebesering. Daarna het hy sy aandag aan die administratiewe sy van die spel gewy en het Span-Sekretaris, Afrigter en Keurder van sy Klub geword, vir 'n aantal jare, voordat hy tot die Gloucestershire Rugby Football Union verkies is, en in 1960-61 is hy aangestel as Span- en Wedstryd-Sekretaris. Het sedert 1960-61 vir Gloucestershire op die Western Counties Keurkomitee veeteenwoordig, asook Gloucestershire en Somerset op die Suid-Engeland Keurkomitee in 1967 en 1972.